

LIDMAATSKAPBELEID

April 2019

LIDMAATSKAPDOELWIT

Die GGBR se vermoë om andere te beïnvloed, te mobiliseer, te help en in te lig gaan hand aan hand met groei in die skaal en omvang van sy lidmaatskap. Dit is derhalwe die Gouritz Groep Biosfeerreservaat (GGBR) se doelwit om betrokke te raak by 'n diverse gesamentlike groep aktiewe verantwoordelike burgers as lede, individue of instansies, om te help met die bevordering van sy visie van *Die Mens en Die Natuur wat in Harmonie Leef*, binne die UNESCO Man and Biosphere filosofie.

VERBINTENIS

Lidmaatskap is vrywillig, inklusief en verantwoordelik, en meer gebaseer op **solidariteit** met die GGBR se etos as op voordele.

- **Inklusief:** aansoek om lidmaatskap kan gerig word deur enige iemand wat binne en buite die grense van die Biosfeerreservaat woonagtig en geleë is, en daartoe verbind is om aktief die GGBR se visie te ondersteun.
- **Verantwoordelik:** lede ondersteun die organisasie se visie deur middel van hul persoonlike en institusionele keuses en gedrag. Alle lede moet skriftelik instem tot die GGBR se Verklaring van Verbintenisse

Verklaring van Verbintenisse

As lid van die GGBR, onderskryf ek/my organisasie die ideale van die GGBR en die UNESCO Man and Biosphere (MAB) program.

Deur die ondertekening hieronder, verbind ek/ons, my/ons om:

- te doen wat ek/ons kan om die GGBR 'n effektiewe en gerespekteerde kampvegter van *Die Mens en Die Natuur wat in Harmonie Leef* binne die domein te maak;
- verantwoordelikheid te aanvaar vir die ekologiese voetspoor wat ek/ons maak;
- volhoubaarheid te gebruik as 'n riglyn om te dink oor wat ek/ons doen en waarom.

OM DEEL TE WEES VAN DIE GGBR

Lidmaatskap van die GGBR dien twee belangrike rolle. Die een is om voorsiening te maak vir die bestuur van die organisasie as 'n nie-winsgewende maatskappy (NWM) met stemgeregtigde lede. Die ander is om die belangrikheid van mense se deelname te erken en moontlik te maak, sodat daar onderlinge interaksie is tussen diegene wat bydra tot die GGBR se ideale en sy werk op grondvlak, en enige ander maniere wat sy visie bevorder.

Stemregte behoort aan lede wie se ondertekende verbintenis van krag is in die jaar waarop hierdie reg betrekking het. Elke lid het een stem.

LIDMAATSKAP

Die GGBR erken drie soorte lidmaatskap: **individuele, besigheids- en Affiniteitsgroepe**. Daar word van almal verwag om die GGBR se Verklaring van Verbintenis te onderteken. Lidmaatskap kan weerhou of beëindig word indien daar dwingende bewyse is van gedrag wat strydig met die verbintenis is.

A. Individuele lede

'n Individuele lid onderteken die verbintenis en bevorder die GGBR in haar/sy persoonlike en professionele lewe. Lidmaatskap is meer gebaseer op solidariteit met die GGBR se etos as op voordele. Deur aan te sluit by die GGBR, toon lede solidariteit met die organisasie se visie deur middel van persoonlike keuses en gedrag.

Voordele:

1. Stemregte.
2. Erkenningsbrief.
3. Op die verspreidingslys vir e-Nuusbriewe en ander elektroniese kommunikasie.
4. Uitnodigings per epos na GGBR-geleenthede, soos Forum-vergaderings.
5. Opsie om 'n harde kopie van die GGBR Jaarboek teen 'n afslagprys te koop.

Jaarlikse lidmaatskap is gratis, maar indien u graag die GGBR wil ondersteun deur middel van 'n vrywillige bydrae in plaas van 'n lidmaatskapfooi, besoek gerus ons [donasie](#) bladsy, of om 'n borg te word, besoek gerus ons [borgskap](#) bladsy.

B. Besigheidslede

'n Besigheidslid bevorder die GGBR en sy doelwitte in sy eie besigheidspraktyk.

Voorwaardes:

1. Onderteken die Verklaring van Verbinteniss
2. Dien 'n eenvoudige voorstel by die GGBR in oor watter volhoubaarheidsaksies/-maatreëls die besigheid in werking sal stel om die etos van die Biosfeerreservaat te bevorder.
3. Is bereid om bewusmaking oor die GGBR te skep, byvoorbeeld in hul eie e-nuusbriefe, deur verspreiding van die GGBR Nuusbrief aan personeel, ens.

Voordele:

1. Stemreg.
2. Besigheidslidsertifikaat.
3. Harde kopie van die GGBR Jaarboek.
4. Op die verspreidingslys vir e-Nuusbriefe en ander elektroniese kommunikasie.
5. Uitnodigings per epos na GGBR-geleenthede, soos Forum-vergaderings.
6. Gelys op die GGBR-webblad.
7. Die Besigheidslid mag die Besigheidslidsertifikaat en 'n amptelike "Besigheidslid van die GGBR" teken by sy kantore vertoon; in sy eie kommunikasie en soos andersins skriftelik ooreengekom (in alle gevalle, ooreenkomstig die GGBR korporatiewe identiteit). 'n GGBR Besigheidslid-teken mag op versoek en ooreenkomstig die GGBR se spesifikasies, vervaardig word.

Jaarlikse lidmaatskapfooi: R1 500

C. Affiniteitsgroep-lede

Affiniteitsgroepe is burgerlike groepe of organisasies wat die doelwitte van die GGBR ondersteun en daarmee identifiseer. Sodanige groepe kan GGBR Affiniteitsgroep-lede word, en sodoende die netwerk van eendersdenkende groepe en organisasies in die Biosfeerreservaat uitbrei. GGBR Affiniteitsgroepe help met burgerlike pogings om die GGBR se visie van *Die Mens en Die Natuur wat in Harmonie Leef*, te bevorder.

Voordele:

1. Stemreg.
2. Erkenningsbrief.
3. Op die verspreidingslys vir e-Nuusbriefe.
4. Gelys op die GGBR-webblad.
5. Gebruikmaking van die GGBR Affiniteitsgroep-lid logo.
6. Netwerkgeleenthede en blootstelling deur middel van GGBR sosiale media kanale.
7. Samewerkingsgeleenthede vir GGBR-aktiwiteite.
8. Uitnodigings na en geleenthede om te praat by GGBR-geleenthede.

Jaarlikse lidmaatskapfooi: R500

Assosiaatlede

'n Assosiaatlid is enige lid (in enige van bogenoemde kategorieë) wie se vorige verbintenis nie gedurende die jaar hernu is nie. Volle lidmaatskap kan te eniger tyd heringestel word.

Voordele: Op die verspreidingslys vir e-Nuusbriewe.

AANSOEK, HERNUWING EN BEËINDIGING

Lidmaatskapaansoeke kan te eniger tyd gemaak word, verkieslik aanlyn deur middel van die GGBR-webblad, of deur voltooiing van die toepaslike aflaaibare GGBR Lidmaatskapaansoekvorm (beskikbaar aanlyn of by ons kantore), ondertekening van die Verklaring van Verbintenis, en in die geval van Besigheidslidmaatskap, deur indiening van 'n voorstel ten opsigte van volhoubare aksies.

Om 'n aktiewe lid, met stemreg, te bly, vereis hernuwing of in die geval van Besigheidslede en Affiniteitsgroeplede, betaling op 'n jaarlikse grondslag. Die hernuwingsproses sal geoutomatiseer word deur die GGBR-webblad en u sal 'n elektroniese "verbintenis herinnering" ontvang, wat gedurende daardie maand voltooi en teruggestuur moet word.

Lidmaatskap sal beëindig word met ontvangs van skriftelike kennisgewing van bedanking, of kennisgewing van dood. Lidmaatskap kan ook beëindig word indien daar dwingende bewyse is van gedrag wat strydig met die verbintenis is.

ADMINISTRASIE

Lidmaatskapadministrasie word deur die GGBR Administrateur by die Riversdal-kantoor hanteer. Die betalingsmetode vir lidmaatskapfoeie geskied aanlyn op die GGBR-webblad deur middel van PayPal. Geen tjeks of kontantdeposito's word aanvaar nie, maar elektroniese oorplasing is welkom.